

Miskien ...

Het jy al geskilder? Sefanja is 'n woordkunstenaar. Soos 'n skilder verf hy met dik, swart hale die oordele van God oor sy volk se sondes vas op die doek van die Woord. Haal na haal teken hy: *“n dag van donkerte, van duisternis, 'n dag van wolke, van swaar onweer ...”* (vs 15). Veral die sonde van die volk word met skerp kleure gevef. Die sondes van die leiers (vs 8), besigheidsmense (vs 11) en die gewone burgers (vs 12) pryk in gloeiende kleure op die doek. 'n Somber panorama ontvou voor ons.

In hoofstuk 2:3 word egter 'n fyn ligstrepie deur Sefanja vasgevef: *“Miskien bly julle die straf gespaar op die dag van die toorn van die Here.”* Miskien. Vir mense is hierdie woord vol twyfel en onsekerheid, maar vir God is dit 'n woord van hoop en toekoms. Miskien sal die Here tog sy genadelig laat skyn op die berouvolle sondaar. “Miskien” is 'n bloedrooi haal van God se liefdeskwas. Die woord “miskien” laat die pad oop vir redding – alles is nog nie finaal verby nie. In hierdie bloedrooi kwashaal hoor ons God se genade.

Op Golgota het God se kwas vir drie ure piknagdonker sy oordele swart teen 'n kruis gevef. En toe 'n bloedrooi kwasstrepie ... Eindelik 'n oop graf, 'n skitterwit genadehaal deinsend vasgevef vir my en jou. 'n Genadelig wat vandag nog vir my en jou skyn.

Jy met die swart kwasstrepie van sonde en eie wil en ongehoorsaamheid, jy met die donker vlekke van liefdeloosheid, twyfel en wantroue, jy kan vandag prewel-vra: *“Miskien ...”* Dan sal die helder ligstrepie van God se genadekwas ook vir jou flits: *“Al jou sondes is deur Jesus Christus vergewe.”* Deur Christus is daar eintlik 'n omgekeerde orde vir my en jou. As Vader wag Hy op sy kinders. Miskien sal hy, miskien sal sy vandag na My toe vlug. Miskien ...

Sing: Psalm 38:8 (Totius)

Ds TJ Potgieter (Port Elizabeth)